WATER lewe

NG Kerk Vrystaat

FOTOKOMPETISIEREËLS

- Elke fotograaf mag 'n onbeperkte aantal foto's teen R30 per foto inskryf vir die kompetisie.
- Foto's kan in drie kategorieë – Wonder van Water, Dors na Water en Woeker met Water– ingeskryf word.
- Foto's moet oorspronklik en groot genoeg vir publikasie (minstens 1 MB, maar nie groter nie as 2 MB) wees.
- Foto's moet in RGB - formaat wees en moet in Jpeg - formaat aangestuur word.
- Saam met die foto's moet volledige inligting oor die fotograaf, waar hy/sy vandaan kom, waar die foto geneem is en kontakbesonderhede verskaf word. Die inskrywer of fotograaf besit die kopiereg.
- Die wenners gaan aangewys word deur 'n span beoordelaars bestaande uit verteenwoordigers van die borge.
- Enigiemand mag deelneem. Foto's moet in die Vrystaat en Noord-Kaap geneem wees.
- Gemanipuleerde foto's *(waar veranderings aangebring is)* sal nie aanvaar word nie. Om 'n foto te sny (crop) word nie as manipulering beskou nie.
- Foto's kan net elektronies ingeskryf word - **www.ngkvrystaat.co.za**

NG KERK OVS • ABSA: Tjek – 470000406 • Takkode: 334-134

Verw: Foto/u naam en van • Stuur bewys van betaling aan Joanie Theron: gemeentes@ngkvs.co.za

BEPALINGS & VOORWAARDES

- Alle inskrywings word die eiendom van die KG Kerk Vrystaat en sal in 'n databasis vasgelê word vir toekomstige gebruik.
- Die NG Kerk Vrystaat kan nie verantwoordelik gehou word vir enige onvoorsiene koste rondom die aanvaarding van 'n prys buiten dit wat in die kompetisie gestipuleer word nie.
- Alle deelnemers vrywaar die NG Kerk Vrystaat, sowel as die borge en agentskappe wat hierby betrokke is, van alle skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie.
- Die promotor is die NG Kerk Vrystaat. Indien wetgewing of verandering aan wetgewing dit vereis, sal NG Kerk Vrystaat die reg voorbehou om hierdie promosie onmiddellik en sonder kennisgewing te beëindig.
- In die geval van sodanige beëindiging stem alle deelnemers in om afstand te doen van enige regte wat hulle kragtens hierdie promosie het, asook dat hulle geen regseis teen NG Kerk Vrystaat, sy agente of borge sal indien nie.

PRYSE!

Al 3 wenners, in elk van die 3 katogerieë, wen 'n watertenk asook een om te skenk aan 'n behoeftige gemeenskap van hul keuse!

Die webtuiste waarop die foto's ingeskryf word, is: **www.ngkvrystaat.co.za**

WATER LEWE FOTOKOMPETISIEREËLS